

DIE EKONOMIESE GRYSWÊRELD VAN DIE GROOTSTAD
- 'N POSITIEWE VERSKYNSEL

Prof. S.J. Terreblanche

1. Suid-Afrika as 'n mikro-kosmos van die Eerste en Derde Wêreld.

In die Derde Wêreldsektor van die Suid-Afrikaanse situasie bestaan groot armoede, agtergeblewendheid en werkloosheid.

2. Suid-Afrika se sosiaal-ekonomiese situasie is uniek.

Net soos ons op politieke vlak 'n aangepaste politieke stelsel moet ontwerp wat aangepas is by die unieke politieke situasie, sô moet ons ook 'n aangepaste ekonomiese stelsel ontwerp wat aangepas is by die unieke sosiaal-ekonomiese situasie. Teen hierdie agtergrond geoordeel moet die oormatige retoriek van die jongste tyd oor die beweerde verdienste van 'n (bykans ongebreidelde) Vrye Markeconomie as dié ekonomiese stelsel wat bestem is om 'n oplossing vir Suid-Afrika se ekonomiese probleme te bied, ten seerste betreur word. Suid-Afrika het nog nooit 'n Vrye Markeconomie gehad nie, die huidige stelsel kan allermens as 'n Vrye Markeconomie bestempel word en die kanse dat Suid-Afrika ooit 'n Vrye Markeconomie sal hê, as vir alle praktiese doeleindes nul, terwyl dit boonop my oorweë mening is dat dit ook nie die soort stelsel is wat 'n oplossing vir ons unieke sosiaal-ekonomiese probleme sal of kan bied nie. Hiermee sê ek geensins dat ek teen (vrye) ondernemerskap, of teen private inisiatief of teen 'n markgeoriënteerde ekonomiese stelsel is nie. Al wat ek met klem probeer sê is dat ekonomiese aktiwiteit - insluitende private inisiatief - nie kan plaasvind binne die raamwerk van die Vrye Markeconomie - in die ideologiese sin van die term nie - maar moet plaasvind binne 'n sterk aangepaste raamwerk wat funksioneel is tot die mikrokosmos-situasie van Suid-Afrika. Met hierdie soort ingesteldheid as uitgangspunt is ek van mening dat ons ons veel meer moet afvra of ons ekonomiese stelsel in 'n voldoende mate en op die gewenste wyse 'n aangepaste vorm van die markeconomie is sodat dit funksioneel is vir ons mikrokosmos-situasie kan wees. Met hierdie ingesteldheid wil ek vandag die ekonomiese grys-wêreld van die grootstad benader.

3. Ek weerhou my van die versoeking om aan u uit te spel dat

Min. Horwood se begroting van verlede Woensdag darem net te veel van 'n rykmansbegroting is en darem net te veel hoop op growthmanship plaas as strategie om werkloosheid en armoedeprobleme op te los. Maar terwyl ek nie vanoggend daarvoor mag praat nie, wil ek darem soos Langenhoven sê dat as ek daarvoor moes praat, ek dit sô sou wou stel

4. Wanneer ek van die ekonomiese gryswêreld van die Grootstad praat, dan verwys ek spesifiek na die sg. informele sektor. Daar is in die verlede dikwels na die sg. dualistiese struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie verwys. Die dualisme sou dan daaruit bestaan dat naas die moderne of formele of kapitalisties georiënteerde sektor ook 'n tradisionele of onderhoudsektor in veral die Swart State bestaan. Dit word vandag allerweë erken dat ons liever van die veelvoudige as die dualistiese struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie moet praat. Die veelvoudigheid is daarin geleë dat tussen die tradisionele of onderhoudsektor enersyds en die moderne of formele sektor andersyds daar 'n groot gryswêreld lê wat as die sg. informele sektor bekend staan. 'n Mens sou dit ook so kon stel dat die swart- en bruinmense in hulle ontwikkelingstog vanaf tradisionalisme en chroniese armoede na die moderne of formele ekonomie hulle letterlik en figuurlik 'n lang afstand moet aflê en dat hierdie tussengebied of "afstand" die gryswêreld van die informele sektor is. Die informele sektor bestaan dus eweseer in landelike en stedelike gebied maar gegewe die omvang en tempo van verstedeliking en die groter geleentheid vir informele sektor-aktiwiteite in die grootstad, is dit geoorloof om op die informele sektor van die grootstad te konsentreer. Sô gedefinieer, bevind 'n baie groot persentasie van die bruin- en swartmense hulle permanent en periodiek in die informele sektor - d.w.s. in hierdie ontwikkelingstog vanaf die tradisionele sektor tot volledige en permanente deelname aan die formele sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Duisende - miskien kan ons selfs sê miljoene - anderkleuriges vind 'n lewensonderhoud (of 'n aanvulling van hulle lewensonderhoud) in die informele sektor deur 'n groot verskeidenheid van wettige en onwettige optrede wat dikwels getuig van 'n groot mate van vindingrykheid en deursettingsvermoë.

5. Ons kan die informele sektor kortweg in negatiewe terme definieer as daardie sektor van die totale stelsel van produksie, distribusie, en handel wat nie in amptelike statiek gereflekteer word nie. (So gedefinieer is die werk wat huisvrouens doen en ook nie in die statiek van die Bruto Nasionale Produk gereflekteer word nie, ook deel van die informele sektor - maar dit daargelaat). Ons kan tussen die volgende vier dele van die informele sektor onderskei.

- (a) Produksie van goedere wat deur die produsent en sy familie verbruik word. Bv. tuinbou, naaldwerk, en verskeie handwerk aktiwiteite en die bou van huise of kaias of die aanbou van vertrekke.
- (b) Produksie wat 'n kontant inkome oplewer maar nie in die amptelike statiek opgeneem word nie, nie geregistreer is by plaaslike of ander owerhede nie en wat meesal "onwettig" is omdat dit regulasie i.v.m.

lisensiering, zonerings, gesondheid, ens. oortree of omdat dit in stryd met die norme is wat in 'n middelstandgemeenskap geld. Dit wissel van motorhawe en paneelklop-aktiwiteite in agterplase, die bedryf van rooftaxi's tot die maak en herstel van klere, meubels, ysterware en die verkoop van goedere op ongelisensieerde persele. Baie van hierdie aktiwiteite herinner aan 'n soort "putting-out-system".

- (c) Tydelike, seisoens, en deeltydse indiensneming in veral die landbou en in huiswerkindiensneming wat nie geregistreer is nie en waarvoor vergoeding gedeeltelik in natura gebeur.
- (d) Produksie en diensleweringssaktiwiteite wat 'n kontant inkome - en dikwels 'n groot kontant inkome, oplewer, maar wat onwettig is in terme van die gemene reg, of baie beslis deur die middelstand moraliteit veroordeel word. Dit omsluit 'n groot aantal "misdade sonder 'n onwillige slagoffer" soos dwelmsmokkelary, dobbelary, prostitusie, sjabeens ens.

Uit die perspektief van die formele sektor en die middelstand moraliteit word 'n groot deel van die aktiwiteite in die informele sektor nie alleen veroordeel nie, maar daar word ook doelbewuste stappe geneem om dit te demp of uit te weer. Dit is jammer dat hierdie houding bestaan want aktiwiteite in hierdie sektor is nie alleen funksioneel vir die lewensonderhoud van die mense wat in die gryswêreld van die groot stad leef nie, maar ook vir die totale sosio-ekonomiese stelsel van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika. Hierdie sektor het 'n inherente dinamika wat tot groot uitbreidings kan aanleiding gee as die eksterne en interne omstandighede waaronder dit funksioneer net gunstiger kan word. Die informele sektor het 'n eienaardige soort produktiwiteit en doeltreffendheid van sy eie waarvan ons klaarblyklik nog baie min weet en begryp. Een van die probleme is dat ons meesal produktiwiteit, doeltreffendheid en indiensname in terme van die maatstawwe van die formele sektor wil meet - uit die aard van die saak is so iets nie moontlik nie.

6. Indien ons die ontwikkeling van die informele sektor as deel van die proses van verstedeliking sien, kan 'n interessante verskuiwing in Westerse houdings t.o.v. verstedeliking in Derde Wêreldlande waargeneem word. Aanvanklik is verstedeliking van mense wat meesal werkloos gaan wees as 'n kwaadaardige verskynsel beskou, wat hand en tand beveg moet word omdat stedelike armoede en werklooshede as 'n groter euwel as landelike armoede en werkloosheid beskou is. Mettertyd is die onvermydelikheid van verstedeliking in die Derde Wêreld besef en is gekonsentreer op alternatiewe groeipunte om stedelike konsentrasie te beperk

en te desentraliseer. 'n Derde benadering tot die probleem van verstedeliking is om die proses van verstedeliking as onvermydelik te aanvaar én om die aandag volledig op die grootstad en die potensiaal wat dit vir die skepping van 'n lewensonderhoud vir arm-mense bied, te vestig. In Suid-Afrika is die amptelike standpunt nog die tweede benadering en vandaar die groot klem op instromingsbeheer en desentralisasie. Ek wil vandag pleit dat die tyd ryp is vir 'n verskuiwing na die derde-benadering. Dit het tyd geword dat ons die oplossing van ons armoede en werkverskaffingsprobleme nie net in die groei van die formele sektor sal soek nie, maar ook in die "akkommodasie" en "ontwikkeling" van die informele sektor - ek gebruik hierdie woorde in aanhalingstekens omdat dit 'n spesiale betekenis het.

7. Kom ons kyk kortliks na die werkverskaffingsprobleem van Suid-Afrika en na die moontlikheid om dit deur groei van die formele sektor op te los.

Gegewe die veelvoudige struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die verskillende vorme en grade van indiensneming is dit moeilik - indien nie onmoontlik nie - om die omvang van werkloosheid in Suid-Afrika te bereken. Dit is dan ook geen wonder dat die beramings van werkloosheid wissel van 'n miljoen tot selfs twee miljoen nie. Maar dit is nie korrek om van hierdie getal werkloses te praat nie. Dit is meer korrek om te sê dat tussen 1 en 2 miljoen mense is onderindiensgenome - d.w.s tussen 1 en 2 miljoen mense is nie formeel en ten volle indiensgeneem in die formele sektor nie.

In die volgende 10 jaar gaan rondom 300 000 mense jaarliks tot die arbeidsmark toetree. 300 000 Werksgeleenthede moet dus jaarliks in die formele sektor geskep word, indien ons wil voorkom dat die omvang van onderindiensneming gaan toeneem.

In die jongste ontwikkelingsprogram is bereken dat as die groeikoers gemiddeld 3,6% vanaf 1977 tot 1987 is, werkloosheid van 900 000 na byna 2 $\frac{1}{2}$ miljoen sal toeneem - of van 10,6 na 21,9 persent. As die groeikoers 4,5 persent is sal dit na 1,6 miljoen of 15 persent toeneem en as die gemiddelde 5 persent is sal dit na 1,3 miljoen of 11,5 persent toeneem. Alhoewel die vooruitsigte baie rooskleurig is dat die groeikoers vir die volgende jaar of twee hoër as 5% sal wees, is dit hoogs onwaarskynlik dat dit gemiddeld 5% sal wees. As dit gemiddeld 4% is, kan ons onself baie gelukkig ag. Dit staan dus bo alle twyfel dat groei en die formele sektor nie die werkverskaffingsprobleem

van Suid-Afrika oor die langtermyn kan oplos nie. Om hierdie rede het ons geen ander alternatief om nie alleen die aantal sg. werksgeleenthede in die informele sektor te vermeerder nie maar om veral die aard en intensiteit daarvan te verbeter. Kortom, teen 1990 sal 'n 2 of 3 miljoen mense nie hulle lewensonderhoud in die formele sektor kan verdien nie. Ons moet doelbewus probeer dat die lewensonderhoud wat hulle en hulle gesinne noodgedwonge in die informele sektor sal moet verdien so goed as moontlik opgegradeer sal word.

'n Onwilligheid of 'n onvermoë om die informele sektor te "ontwikkel" sal 'n groot verlies wees - nie alleen vanweë die informele sektor se vermoë om indiensneming en inkome te genereer nie - maar ook vanweë die informele sektor se vermoë om lae koste goedere en dienste en opleiding aan die stedelike armes te verskaf.

8. Beleidsaspekte

U sal seker vra wat ons kan doen om die informele sektor te "akkommodeer" of te "ontwikkel". Ek wil vandag nie eintlik oor die detail aspekte van só 'n ontwikkelingsbeleid praat nie, maar eerder vir 'n verandering in die amptelike houding teenoor die informele sektor pleit. Boonop het ons nog te min kennis en te min begrip van die eie momentum en die eie reëls wat operasioneel is in die ekonomie van die informele sektor. Gevolglik is die kanse goed dat selfs al sou ons bewustelik probeer om die informele sektor te "akkommodeer" en te stimuleer ons dinge sal doen wat dikwels kontraproduktiewe resultate sal oplewer. In ons beleidsbenadering tot die informele sektor sal ons 'n "probeer-entref" strategie moet volg en te alle tye 'n oop gemoed aan die dag moet lê. As daar een terrein is waarin die blankes hulle tipies houding oor boord moet gooi om vir arm mense (lees: Swartmense) te besluit omtrent dit wat goed is vir hulle, dan is dit ten opsigte van die ontwikkeling van die informele sektor. Die formulering van 'n beleidsstrategie vir die informele sektor is 'n terrein vir maksimale oorleg tussen die owerheid en die betrokke armense (lees: Swartmense). Ons pleit dus nie vir 'n burokratiese groen lig om die informele sektor as't ware "binne te val" met 'n afgeronde bloudrukke vir aksie met sakke vol geld om dit en dat te doen nie. Die "hulp" wat aan die informele sektor gegee moet word, sal in vele opsigte eerder neerkom op die sloop van administratiewe reëls en regulasies. Die "hulp" sal dus 'n element van "laissez-fair" omsluit maar die moet beslis nie op 'n houding van "benign neglect" neerkom nie.

In die grysgebied van die grootstad moet 'n losser en meer aangepaste raamwerk geskep word waarin die informele sektor meer konstruktief

kon reageer op die impulse en geleentheid wat deur die meer dinamiese en gesofistikeerde moderne sektor gegenereer word. Daar bestaan 'n groot element van komplementariteit tussen die formele en informele sektore wat nagespeur en doelbewus "gestimuleer" moet word.

9. Selfbou-skemas

Ek sal tog graag van hierdie geleentheid gebruik wil maak om vir een detail-aspek van 'n beleidstrategie vir die informele sektor te pleit. Behalwe die afskaffing van onnodige (of Eerste Wêreld) reëls en regulasies wat op Swart en Bruinwoongebiede van toepassing is, is 'n eerste vereiste om aktiwiteite in die informele sektor van die grond te kry, die sanksionering van selfbouskemas. Ek wil dus pleit dat armmense toegelaat sal word om hulle eie kaaies te bou - iets wat volgens die jongste verslag van die Sekretaris van Gemeenskapsbou reg teen die grein van daardie Departement se beleid gaan. Nog voordat iemand uit die gehoor (of van die Departement) se kant sê ek pleit vir Latyns-Amerikaanse plakkersdorpe wil ek met klem sê dat ek beslis nie daarvoor pleit nie maar wel vir Suid-Afrikaanse selfbouskemas as deel van 'n totale strategie om die armoede en werkloosheidsprobleme van Suid-Afrika meer effektief op te los as wat tot nou toe die geval was. Baie mense in hierdie land is te arm om die huur en diensgelde van 'n gesubsidieerde huis te betaal en het boonop ook nie werkseleenthede om die nodige geld te verdien nie. Maar in die afwesigheid van die nodige geld vir 'n gesubsidieerde huis, beskik baie van die armmense oor die "swaart Equity" waarmee hulle 'n eie huis kan bou of 'n sg. kernhuis kan voltooi. Ek pleit hiervoor nie net ter wille van behuising nie. Ek pleit hiervoor omdat selfbouskemas die onontbeerlike impuls kan bied om aktiwiteite in die informele sektor 'n selfonderhoudende momentum te gee. Ek pleit dus vir selfbouskemas as die eerste stap in 'n omvattende proses om die armoede en werkloosheid en die grys-wêreld van ons groot stede te verlig.

10. 'n Boer maak 'n plan

Die bekende slagspreuk van 'n boer maak 'n plan het in werklikheid sy beslag gekry in 'n lang tydperk van die Afrikaner se geskiedenis toe hy meesal betrokke was in 'n vorm van kleinskaalse en marginale boerdery wat êrens tussen tradisionalisme en moderne kapitalistiese boerdery geleë was - d.w.s. toe die Afrikaner hulle in 'n soort landelike informele sektor bevind het. Gelukkig was dit 'n wêreld van min reëls en regulasies en het die boere maksimum vryheid geniet om 'n plan te maak en kop bo

water te hou. Só gesien het informele sektor aktiwiteite oor baie dekades 'n belangrike rol gespeel in die ekonomiese opkoms van die Afrikaner. 'n Groot deel van die Swart en Bruin bevolking bevind hulle reeds vir 'n geruime tyd in 'n landelike en stedelike informele sektor - maar dit is informele sektore wat in 'n veel groter mate deur 'n moderne sektor omring word terwyl die reëls voorskrifte en norme van die formele sektor vandag ook in 'n veel groter mate aan die locus van die informele sektor opgelê of opgedwing word as destyds. Al waarvoor ek pleit is dat geleenthede geskep moet word sodat die boere-etiek uitgebrei en in moderne terme vertaal kan word. Ek wonder of ons beseef wat dit vir Suid-Afrika kan beteken as ons oor tien of twintig jaar sou kon sê. Ja ons het nog baie armense in ons midde maar hulle armoede is nogal draaglik want behalwe die gemiddelde groeikoers van tussen 3 en 4% wat ons in die afgelope 10 of 20 jaar in die formele sektor van die ekonomie behaal het, het ons in al die groot stede omstandighede geskep waarin die armes toegelaat is om hulleself te help. Dit sal baie beteken indien ons kan sê! Ons armoede is baie meer draaglik want ons het uit ons pad gegaan om diegene wat hulle self wil help te help om 'n plan te maak. In hierdie poging sal ons baie dinge moet doen wat teen die grein van ons tog so ordentlike middelstand moraliteit gaan. Maar as ons mooi daaroor dink, is die dinge wat ons moet doen tog nie teen die grein van die Afrikaner se gesonde verstand nie.